

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
19 Januarie 1977

Onderwerp: Sending en Evangelisasie

Lees: Johannes 20 verse 19 tot 22
Teks: Johannes 20 verse 19, 21 en 22
Sing: Gesang 156 verse 5 en 6
Gesang 158 verse 1 en 2

“Na sy opstanding het Jesus sy Evangelie-opdrag dikwels op die hart van sy dissipels gelê. Hulle moes van hulle eng Joodse nasionale lewensuitkyk losgeruk word en ’n visie kry dat die Evangelie alle mense insluit.

“Terwyl hulle op die aand van Jesus Christus se opstanding agter geslote deure besin het oor hulle verdere planne, het Jesus meteens tussen hulle gestaan. Hy het Hom lewend aan hulle vertoon en hulle beveel: ‘Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.’ (Joh 20:21) Hy het ook aan hulle die toerusting gegee om dit te doen, met die woorde: ‘Ontvang die Heilige Gees.’ (Joh 20:22)

“Hiermee is in hierdie kringetjie van elf manne agter geslote deure ’n magtige aksie van stapel gestuur. Dit was ’n aksie wat diep ingegryp het in die geskiedenis van die mens en miljoene uit alle tale, volke en nasies in die koninkryk van God gebring het en steeds bring. En dit sal uitkring tot by die wederkoms van Jesus Christus.

“In Jesus Christus se ontmoeting met sy elf dissipels agter geslote deure was daar drie dinge wat steeds die grondslag vorm van elke geseënde Sending- en Evangelisasie-aksie:

“Die eerste was dat Jesus gekom en in hulle midde gestaan het, toe hulle gedink het dat die stryd verlore was. Jesus se teenwoordigheid was die dryfveer agter hulle verkondiging van sy koninkryk. Netso is dit Jesus in ons midde, in ons lidmate, ons gemeente, ons kerk en in ons ondernemings, wat die belangrikste dryfkrag agter ons Sending- en Evangelisasie-aksies is.

“Maar hierdie manne is ook beweeg deur Jesus Christus wat hulle ‘sy hande en sy sy’ (Joh 20:20) gewys het. As daar by hulle nog twyfel, of ongeloof, of vrees bestaan het, is dit uitgedryf deur die aanskouing van Jesus Christus se wonde. Hulle het in sy wonde die oorwinning van die kruis gesien. Die kruis was toe nie meer vir hulle ’n teken van neerlaag nie, maar van

oorwinning. Hulle het besef dat dit nie die einde was van Jesus Christus se koninkryk nie, maar die begin. Met Jesus in hulle midde het die kruis vir hulle die dryfveer geword om hierdie koninkryk te verkondig aan die mense van hulle dag en verder.

“Die een in wie se siel die beeld van Jesus Christus se wonde afgedruk staan, hoef nie met moeite gesmeek te word om die saligheid aan ander bekend te maak nie.

“Jesus Christus het tweedens aan hulle ’n opdrag vir aksie gegee: ‘Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.’ (Joh 20:21) So het hulle Jesus Christus se gestuurdes geword.

“‘Gestuurde’ is die sleutelwoord in die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit spreek van ’n aksie wat by God begin en wat Hy deur Jesus Christus in ons as sy volgelinge voortsit. In die Sending- en Evangelisasie-aksie het ons te doen met ’n daad wat van God uitvloei en nie deur een van ons gestuit mag word nie.

“Wat ’n eer en voorreg is dit om in hierdie daad van God betrek te wees, om die sending waarmee God sy Seun gestuur het in hierdie wêreld, voort te sit.

“Jesus Christus het hulle derdens die toerusting vir die aksie gegee: ‘En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy *op hulle* en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.’ (Joh 20:22) Dit was wel nog nie die vervulling van Pinksterdag nie, maar ’n voorsegging van wat toe in vervulling sou gaan.

“In hierdie woorde is daar ’n voorbehoud. God roep en stuur nooit sy volgelinge sonder om hulle met die Heilige Gees toe te rus nie. God se werk kan nie sonder die toerusting van die Heilige Gees gedoen word nie. Die Sending- en Evangelie-wa beweeg deur die krag van die Heilige Gees. Ons moet nie probeer om dit met perde van die vlees te trek nie. Hierdie waarheid moet by ons ’n drievoudige uitwerking hê:

“Dit moet ons in ons Sending- en Evangelisasie-aksie bewus hou van ons algehele afhanklikheid van die Heilige Gees.

“Dit moet ons uitdryf tot gedurige en ootmoedige gebed en gemeenskap met God, Jesus Christus en die Heilige Gees.

“Dit moet ons steeds in die versekering laat werk, dat as God werk, niemand dit kan keer nie.

“Laat dit by ons vas staan: God se werk kan alleen in God se krag gedoen word.

“Is daar nie dikwels te veel van die mens in ons Sending- en Evangelisasie-aksies nie? Is dit nie die rede

waarom ons soveel teleurstellings in hierdie werk belewe nie?

“Ons moet God nie vooruit loop nie, maar nie agterbly as Hy roep en besig is om te werk nie.

“Amen.”

Kommentaar:

Is jy ’n Christen wat die Evangelie tot nou toe passief ontvang het? Kan dit wees dat God vir jou ’n spesifieke taak het, maar dat jy tot nou toe nie die roepstem van die Heilige Gees gehoor het nie?

Die Ma wat haar kinders onopgemerk grootmaak om die HERE te ken en lief te hê, is besig om die HERE te dien met een van die belangrikste Evangelisasie take.

Om jou werk so goed as moontlik te doen met ’n blye gesindheid, is ’n diens aan die HERE. Daardeur kan jy, sonder dat jy dit weet, ander tot bekering lei.

Om die HERE te dien, behels meer as net Sending en Evangelisasie. Het jy ’n besondere talent waarmee jy die HERE kan dien?

As jy staptogte geniet en ’n slag het met tienderjariges, kan jy die gemeente en gemeenskap se jeug op staptogte neem. So kan jy hulle geloof versterk, of hulle aan Jesus Christus bekendstel.

Het jy ’n liefde vir jong kinders? Miskien kan jy nou en dan in die kinderkamer help, sodat ’n jong Ma die geleentheid kan kry om die diens by te woon.

As jy daarvan hou om klere te maak, kan jy arm mense in jou gemeenskap help en hulle so na Jesus Christus toe lei.

Is jy iemand wat mense kan bemoedig?

Dit is maar net ’n paar voorbeelde van take waartoe die HERE ’n mens kan roep. Jy het nie nodig om sendingwerk aan die anderkant van die wêreld te doen, om die HERE te dien nie.